

Saterdag 4 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:3

Wie is die 144 000 mense wat daar in die hemel sing?

Die eerste dinge wat geopenbaar is, moet alles nou hierby gedink en onthou word. Byvoorbeeld, hoe dit daar voor die troon van God lyk:

Ná hierdie dinge het ek gesien, kyk, 'n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos 'n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur. En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en Een sit op die troon. En Hy wat daarop sit, het in sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag. En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. En daar het weerligte en donderslae en stemme uit die troon uitgegaan, en sewe vuurfakkels wat die sewe Geeste van God is, het voor die troon gebrand; en voor die troon was daar 'n see van glas soos kristal, en in die middel van die troon en rondom die troon vier lewende wesens vol oë van voor en van agter (Op. 4:1-6, 1953-vertaling).

Hierdie koor van 144 000 mense sing dus voor en saam met die volle prosesie wat altyd daar voor die troon van God is! Dink net wie is almal daar bymekaar! Met God se heerlikheid en die verteenwoordigers almal saam is dit verstommend – onverstaanbaar groots!

Hierdie nuwe lied het 'n bepaalde ewigheidseienskap in hom. Slegs mense wat deel is van die ewige saligheid, kan die lied memoriseer. Niemand wat nie gemerk/verseël (= uitverkies) is, kan dit aanleer nie. Hulle word nog nader gekwalifiseer: hulle is losgekoop/vrygekoop van die aarde af.

Let op dat die woord *aarde* gebruik word en nie *wêreld* nie. Die rede is dat die woord *wêreld* eintlik alles wat tydens die aardse bestaan teen die Here ingaan, daardeur aangedui word. Dus alles wat verkeerd, lelik en sondig is.

Die woord *aarde* beteken iets heeltemal anders! Dit beteken dat hulle al deur die Lam (die Here Jesus Christus) vrygekoop is toe hulle nog gelewe het. Toe hulle nog op die aarde was, is hulle al vrygemaak deur sy bloed. Hierdie “hulle” is “ons” wat die Here Jesus aanbid as Verlosser.

Sing: Skrifberyming 1-2:2, 3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)